



'n Affodil*

05.2022

LEES: Jes 49:8-18

TEMA: Onuitwisbaar voor God se aangesig

"Ek het jou (naam) in my handpalms gegraveer...(v16)"

Mense laat hulself graveer/tatoeër met name of beelde van hul geliefdes – iets wat vir hul so belangrik is dat hulle dit die heelyd wil raaksien. Hulle gee dan ook nie om om aan hierdie merke geken te word nie.

God wil met hierdie beeld dit aan ons duidelik stel hoe belangrik ons vir Hom is. Ons is gedurig in Sy gedagte. Ja, Hy het selfs ons op Sy handpalms ingegraveer.

Let wel, meer as net ons name is op Sy handpalms gegraveer. Dit wat ons is, ons goeie en slegte eienskappe, ons werke, ons hele wese is op Sy handpalms gegraveer. Wie en wat ons is, is juis op sy handpalms gegraveer, want daar sien Hy ons gedurig en die maklikste en die meeste raak. Terwyl Hy met Sy volk werk, terwyl Hy sy helpende arms uitstrek na die mensdom, terwyl Hy Sy seënende hande ophef, word Hy gedurig deur aan ons herinner.

Vir 'n tatoeëermerk om permanent te wees, word die vel stukkend gemaak en daarin word kleur-stowwe/ink geplaas wat vir altyd sigbaar bly. Christus, die Seun van God, is juis so permanent getatoeër met die kruisspykers, en nie net deur die vel nie, maar regdeur Sy handpalms. Sy eie bloed dien as onuitwisbare ink. Ja, ons is in die bloed van Jesus vir ewig op God se handpalms ingeskrywe. Geen wêreldmag of ergernis kan ons name vanuit God se hande verwyder nie.

Terwyl ons steeds in hierdie sondige wêreld is, terwyl ons die ellende van hierdie sondestaat en ons eie sondes beleef, is daar tog vir ons uitkoms. God sal ons nie vergeet nie (v15). Ook EK is gedurig voor Hom terwyl Hy besig is met MY.

Al verbeel ons ons dat God ons in ons ellende los, verlaat en vergeet, is dit glad nie so nie. Christus was aan die kruis deur God verlaat, sodat ons nimmermeer deur God verlaat sal word nie. Hy is juis nou met ons en dra ons in Sy hande tot aan die voleinding van die wêreld (Matt 28:20). Soos hierdie profetiese woorde van Jesaja vertroosting vir die volk in ballingskap moes bring, so bring Christus se verlossingswerk ook vir ons vandag vertroosting. Ook ék weet dat ek onuitwisbaar ingegraveer is in God se handpalms.

Here, dank U dat u nog steeds besig is met my, dat ek met hierdie beeld kan verseker word dat U my die heelyd bewaar en versorg. Gee dus dat ek al my probleme en pyne in U versorgende hande sal laat.
... Amen.

*Volgens Jes 35:1 sal die affodille (Ou Vertaling = narsing, die presiese blom is nie duidelik nie) in die dor woestyn staan, om die vermoede pelgrim (v3-6) te bemoedig. Sodat hulle ellende en smart sal verdwyn en hulle vol vreugde en blydschap sal aankom in Jerusalem (v10).

Opgestel deur ds Paul Geertsema
En versprei deur Geref. Kerk Brackenhof
kantoor@gkbrackenhof.org.za